430.E2.28.10.1



# DIE SUID AFRIKAAN

## BARSKYK

F van Zyl Slabbert

March 1994

Die Onafhanklike Verkiesing Kommissie (OVK) moet toesien dat die verkiesing "vry en regverdig" geskied. Wat beteken dit? Uit die aard van die saak bestaan daar geen klinkklare stel kriteria wat universieel geldig is en wat die OVK soos 'n kwantifiseerbare glyskaal kan toepas en vasstel hoe "vry en regverdig" ons verkiesing is in vergelyking met verkiesings wat elders plaasgevind het nie. Daarinteen egter, is ons nie die enigste land wat oorgangsverkiesing ervaar nie : Panama (1989); Pakistan (1990), Romenie (1990), Guatemala (1992); Zambia (1991), Cameroon (1992), Ethiopia (1992) en Kenya (1992). Na elkeen van hulle is internasionale waarnemers gestuur om vas te stel hoe die verkiesings verloop het. Met verloop van tyd ontwikkel onvermydelik 'n stel vergelykende kriteria wat 'n losse analitiese raamwerk word in terme waarvan die geldigheid van die verkiesing binne en buite die bepaalde land gemeet word.

Dit lyk my daar is basies drie stelle faktore wat op die spel kom : Eerstens, die meer maklike tegniese faktore wat geredelik oor landsgrense toegepas kan word bv geheimhouding, stemlokale,

manipulasie van media/inligting; kiesers opvoeding; intimidasie; korrupsie ens. Dis nie te moeilik om 'n stel universieel oordraagbare maatreels neer te le vir die hou van verkiesings nie. In ons geval behoort dit die maklikste deel van die OVK se taak te wees. Hierdie maatreels kan toegepas word in die aanloop na die verkiesing; op die stemdag self en die periode onmiddelik na die stemmery met die tellery en bekendmaking van resultate.

Tweedens, die stel politieke faktore wat sentreer rondom die probleem van legitimiteit. Hoe inklusief is die proses; wat is die vlak van aanvaarding van oorgangsmeganismes wat moet help om voor te berei vir die verkiesing. In ons geval die OVK self,, maar ook die Oorgangs Uitvoerende Raad (OUK) en sy subrade. Hoe groter die oorgangslegitimiteit van oorgangs meganismes, hoe makliker word die taak van die OVK om te help met "vry en regverdige" verkiesings. Hier is ongelukkig nie 'n stel internasionaal oordraagbare kriteria wat 'n OVK kan toepas nie. In 'n baie rieele sin bepaal "die mense" van die land of die politieke faktore "werk" of nie. Die onlangse krisis in Bophuthatswana het presies om hierdie stel faktore gesentreer. Mangope het nie die geldigheid van die verkiesing, of die strukture wat daarmee verband hou nie aanvaar nie. Die "mense" het met hom verskil in noemenswaardige omvang en relevansie en hy het die slagoffer geword van 'n stel politieke faktore waaroor hy geen beheer gehad het nie. Soos Min. Pik Botha dit so welsprekend gestel het : He het beheer verloor en die slagoffer geword van 'n bloedlose staatsgreep. Maar gaan daar nou meer geredelik vry en regverdige verkiesings in daardie gebied wees?

Dit sal afhang van 'n derde stel faktore wat verband hou met die handhawing van stabiliteit. Wie is prakties verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde? Wat is die status van 'n polisieman en 'n soldaat? En van private militia of selfaangestelde veiligheidsgroepe? Op een stadium in Bop was daar twee amptelike gewapende magte, twee nie amptelike gewapende magte en muitende soldate en polisie teenwoordig - 'n totaal onhandbare situasie vir "vry en regverdige" verkiesings. Vraag is net, hoe beding ons stabiliteit voordat ons legitimiteit kan toets in 'n algemene verkiesing? Kan bv die ANC en die NP ooreenkom wat die stabilitiserende rol van die Polisie en Weermag moet wees in die aanloop tot die verkiesing en wat hulle onderlinge verhouding tot mekaar moet wees. Wie is uiteindelik verantwoordelik vir wet en orde van nou af tot die stemdag en op die stemdag self. Wat is "die Plan" van die sub-raad van die OUR wat te doen het met hierdie probleme en hoe skakel dit met die werk van die Onafhanklike Verkiesings Kommissie?

Ons is ses weke weg van 'n verkiesing en ek stel hierdie vrae nie retories nie. Ek glo soos sekere talle gewone kiesers dat die wat in beheer is, seker antwoorde op hierdie vrae het, maar die openbare getuienis is nie juis oorweldigend nie. En dan natuurlik die heel lastigste vraag in die verband : Wat van Buthelezi en KwaZulu? Die KwaZulu regering aanvaar nie die politieke oorgangsmeganismes nie en nog minder die "reelings" vir die handhawing van stabiliteit. Wat is die OVK se plig onder die omstandighede? Is hulle nie geregtig om te aanvaar dat

stabiliteits en politieke kwessies genoegsaam uitgestryk is voordat hulle 'n sinvolle bydrae kan maak om toe te sien dat daar 'n "vry en regverdige" verkiesing plaasvind?

Dit is taai vrae hierdie en hulle moet in Suid-Afrika beantwoord as ons verkiesing op 26 en 27 April gaan slaag om die legitimiets krisis op te los. Wat vergelykende analises van oorgangsverkiesings wys, is dat uiteindelik bepaal die mense van die land self of hulle tevrede is met die "vryheid" en "regverdigheid" van die verkiesing. Vir 'n tydjie kan 'n paar van ons onsself "bluff" maar uiteindelik sal die kieringkies braai.

En nou met die jongste Goldstone verslag oor polisie betrokkenheid by destabilisering, wapensmokkelery en woonbuurt geweld m.a.w. sg. "derde" mag aktiwiteite word die kwessie van oorgangstabiliteit 'n brandpunt van kardinale belang. Kan die status van die polisiemag herstel word om hier 'n effektiewe rol te speel? Dis maklik om te argumenteer dat die weermag van hierdie rol moet oorneem. Korttermyn mag dit werk, maar dit hou ingrypende langtermyn konsekwensies vir die handhawing van gewone wet en orde in, bv. As die polisie se status sodanig ondermyn word dat dit nie 'n wetshoudhawende rol na die verkiesing kan speel nie en ook hierdie funksie kom neer op die weermag is ons 'n kort treetjie weg van 'n siviele-militere regering. Dit is natuurlik 'n langer tree weg van die demokratiese orde wat van die nuwe grondwet verwag word. Om die status van die polisie te herstel sodat hulle 'n stabiliserende rol kan speel gaan 'n

transenderende politieke daad van die hoofspelers Mandela en De Klerk verg. As hulle gaan politiek speel met die Goldstone verslag kan groot skade vir 'n "vrye en regverdige" verkiesing berokken word. As hulle saam kan besluit om dit te vermy, kan dit die belangrikste bydrae van politici tot "vrye en regverdige" verkiesings word en die taak van OVK heelwat vergemaklik.